

Skrifgedeelte: Romeine 15:1-13

Fokusgedeelte: Romeine 15:4

Ons sal maklik vir iemand sê waar lewe is, is hoop, veral wanneer iemand op 'n terminale siekbed lê. Ons soek tog maar na 'n rede om te hoop, om aan iets vas te hou!

Paulus gebruik in hierdie gedeelte verskeie kere die woord "hoop". Sien, in die gemeente in Rome was daar 'n meningsverskil tussen sogenaamde sterk en swak gelowiges. Oor wat mag en wat nie mag nie. Beide groepe mense wat hulle hoop gebou het op gebruike en tradisies. Ons kan maklik in daardie slag gat trap! Daarom dat vers 4 ons net herinner om weer ons fokus reg te kry – ons moet weer ons Bybel lees om hoop te kry! Want om hoop te hê, het alles te doen met die manier hoe ons kyk ... En Romeine 15 leer ons – kyk net bietjie weg van jouself af en kyk saam met jou medegelowiges na God se Woord. Studeer saam – want alles wat in die Skrif opgeteken staan, is daar ... *sodat ons vol hoop kan wees*", sê vers 4.

Met ander woorde, die Skrif (ons Skrifstudie, preke,

ens.) moet ons by God uitbring! Hy is tog die bron van hoop! En hierin het Jesus ons ook voorgedaan – toe Jesus gekom het, het Hy inderdaad nie aan Homself gedink nie ... Hy het homself vir ander gegee. Hy het ons die ware hoop kom gee!

Daarom *"kan ons vol hoop wees"*! Nie in onself of in gebruike nie – in Christus, en Christus alleen! Kyk jy na die Bybel, na God se belofte woord wat Jesus kom waar maak het? Dan sal jy begin verstaan: waar hoop is, daar is lewe! En wie op Hom bly hoop, sal lewe, gelukkig en salig, vir ewig.

Ja, "Mag God, die Bron van hoop, julle deur julle geloof met alle vreugde en vrede vervul, sodat julle hoop al sterker kan word deur die krag van die Heilige Gees!"

**Waar hoop is,
is lewe!**



Publikasie
Publication



Nr./No.: H52